

28 Junie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 7:1-18

Fokusgedeelte: DL, 3/4:7

Wees nederig en dankbaar as jy die Here ken!

Dit is 'n voorreg om die Here te ken en te dien. In die Ou Testament het God die volk Israel gekies as die volk aan wie Hy Hom op 'n besondere wyse sou openbaar. Dit was nie omdat Israel 'n besondere volk was nie. God sê vir hulle (vers 7): "Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal." Die rede waarom God juis vir hulle gekies het was (vers 8): "Omdat die Here jou liefhet ..." Ja, God se onverklaarbare liefde vir 'n ou klein volkie was die rede dat hulle die uitverkore volk geword het.

In die Nuwe Testament verdwyn hierdie onderskeid tussen volke en is daar nie meer een uitverkore volk nie, maar is almal wat in Jesus Christus glo God se uitverkore kinders. "Die oorsaak waarom hierdie bedeling so verskillend is moet nie aan die waardigheid van een volk bo die ander of aan beter gebruik van die lig van die natuur toegeskryf word nie, maar aan die volledig vrye welbehag en onverdiende liefde van God."

As die Here gekies het om Hom op 'n besondere manier aan jou te openbaar deur sy Woord, as Hy jou gekies het om sy kind te wees en as Hy geloof in jou gewek het deur sy Gees is dit net genade. Net soos met Israel se verkiesing is ons verkiesing ook onverdiend. Hierdie genade behoort 'n spesifieke reaksie by ons te ontketen. Ons belydenis sê: "Daarom moet hulle wat sonder en teen enige verdienste so groot genade deelagtig geword het dit met 'n nederige en dankbare hart erken."

Gee vandag erkenning aan God vir hierdie genade deur soos sy kind te leef. Dien en gehoorsaam Hom nederig en dankbaar, omdat jy weet dat jy niks van sy genade verdien nie!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~